education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V2

SEPTEMBER 2024

PUNTE: 80

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 30 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Roman (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

   AFDELING A: GEDIGTE
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   AFDELING B: ROMAN
   Beantwoord EEN vraag.

   AFDELING C: DRAMA
   Beantwoord EEN vraag.

5. KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. LENGTE VAN ANTWOORDE

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250 tot 300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400 tot 450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

Kopiereg voorbehou

10. Voorgestelde tydsindeling:
    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

INHOUDSOPGAWE

AFDELING A: GEDIGTE **Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**			
VRAAGNOMMER	**VRAAG**	**PUNTE**	**BLADSY**
1. "Vroue van Vermeer"	Opstelvraag	10	6
2. "Maaltyd"	Kontekstuele vraag	10	7
3. " 'n Paternoster vir Suid-Afrika"	Kontekstuele vraag	10	8
4. "Suiwer Wiskunde"	Kontekstuele vraag	10	10
EN **Ongesiene gedig: Verpligtend**			
5. "Afrikaans"	Kontekstuele vraag	10	11
AFDELING B: ROMAN **Beantwoord EEN vraag.***			
6. *Onderwêreld*	Opstelvraag	25	12
7. *Onderwêreld*	Kontekstuele vraag	25	12
8. *Manaka Plek van die Horings*	Opstelvraag	25	15
9. *Manaka Plek van die Horings*	Kontekstuele vraag	25	15
10. *Vatmaar*	Opstelvraag	25	18
11. *Vatmaar*	Kontekstuele vraag	25	18
12. *Die kwart-voor-sewe-lelie*	Opstelvraag	25	21
13. *Die kwart-voor-sewe-lelie*	Kontekstuele vraag	25	21
AFDELING C: DRAMA **Beantwoord EEN vraag.***			
14. *Krismis van Map Jacobs*	Opstelvraag	25	24
15. *Krismis van Map Jacobs*	Kontekstuele vraag	25	24
16. *Mis*	Opstelvraag	25	28
17. *Mis*	Kontekstuele vraag	25	28

*** LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

KONTROLELYS

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

AFDELING	VRAAG-NOMMER	GETAL VRAE BEANTWOORD	MERK (✓)
A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte)	1–4	2	
A: Gedigte (Ongesiene gedig)	5	1	
B: Roman (Opstelvraag of kontekstuele vraag)	6–13	1	
C: Drama (Opstelvraag of kontekstuele vraag)	14–17	1	
LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.			

AFDELING A: GEDIGTE

VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Vroue van Vermeer – T.T. Cloete

Dit is meestal ’n mooi jong vrou.
Meestal is sy alleen binnenshuis,
dalk met ’n wit veraf brief wat sy vashou,
naby, in ’n gloeiende klein hand
voor ’n kleiner of groter oop
venster. Daar kom ’n ligte geruis
van ’n wêreld aan uit ’n land-
of groter wêreldkaart
wat teen die muurvlak oorkant
hang, daar waar seestrome en wind loop
met haar land se ganse skeepvaart.
Sy staan, sy sit, sy buk oor kant,
sy droom of sluimer
in lig wat in vlokkies of korrels brand
of dof kaats in die ruimer
ruimte van ’n skildery of spieël of in ’n wynhouer
ivoor maak, of sy speel klavesimbaal
of sy loer oor haar skouer
en dra ’n sonnende pêrel teen haar nek
se skadu. En altyd is daar lig wat áfstraal
ín in die liefs klein afgemete vertrek,
oorvloedig, uit die oop grote
universum en wat die klein aardse geslote
stilte in die onmeetlike laat asemhaal.

[Bron: *Driepas*, 1989]

Die spreker in die gedig maak van retoriese middele, simboliek en kontras gebruik om die vasgevangenheid van vroue in die 1600’s te beskryf.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250 tot 300 woorde. **[10]**

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

MAALTYD – P.J. Philander

Ou moeder met haar hoepelrokkie
en stywe kappie, staan hande gevou
in die vorm van ‘n koperklokkie
vir smôrens, smiddags en vir nou.

Die blou bord en die skoon servet,
die helder bril, die Bybel oop,
en teen die hoë muur haar groot portret
hou my aan haar steeds vasgeknoop.

En op die gladde, blink buffet,
glimmend in die skerp lig van die lamp,
skyn sy nou in die seëngebed,
leef sy nou in die wasige damp.

Sy was eers goud, heel later silwer,
nou’s sy koper waar sy staan,
maar met elke lui dan skilfer
af … die grasgroenspaan.

[Bron: *Uurglas*. 1955]

2.1 Herlees die titel van die gedig.

Watter verband is daar tussen die titel en versreël 4? Waarom is dié titel funksioneel? (2)

2.2 Herlees versreël 1.

Benoem en verduidelik die beeldspraak wat in hierdie versreël voorkom. (2)

2.3 Benoem die stylfiguur wat in versreël 2 voorkom. (1)

2.4 Herlees strofe 2.

2.4.1 Sou jy die afleiding kon maak dat die spreker se moeder godsdienstig was? Motiveer jou antwoord. Haal ‘n frase uit strofe 3 aan wat aansluit by versreël 6. (2)

2.4.2 Is die woord *vasgeknoop* (versreël 8) geslaagd? Motiveer jou antwoord. (1)

2.5 Waarop dui die tydsprogressie in strofe 4? (1)

2.6 Wat is die boodskap wat hierdie gedig aan die leser wil oordra? (1)

[10]

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

'n PATERNOSTER VIR SUID-AFRIKA – Lina Spies

Here, laat die name geheilig word
van al die kinders van die land –

van hulle
    wat modderkoekies gebak het uit sy aarde,
    dassies skrikgemaak het in sy klowe,
    wol getrap het in sy krale.

Ek het asemloos toegekyk:
    swart bolywe geboë oor magtelose diere
    en skerp skêre wat my laat wag het,
    bang vir die glip-slag, die bloed, die pyn.
    Maar die swart versigtige hande
    het selde dieper as die wit geknip
    en ek kon die lootjies uitdeel
    want die arbeider was sy loon waardig
    volgens die aantal wat hy vrygemaak het
    om ligvoets teen die somerheuwels uit te wei.

Maar die bale is lankal toegewerk en weggestuur,
die wololie van my voete afgewas,
my bene nie meer lam getrap nie.

Vergewe ons, die vergeetagtiges, die uitgerustes,
soos ons hulle vergewe, die luidrugtiges
    wat nooit binne die kraal was nie,
    wat nooit rietperd gery
        en kaalvoet geloop het nie,

en Here, sien ons hande aan:
Kyk, om my wit pols is 'n armband van gras;
my donker speelmaat het dit kunstig gevleg
soos ek nooit kon nie ...

Aan U behoort die land
    en die son
        en die skape van sy weiding

Gee ons liefdevolle hande, Heer,
en sny U self versigtig aan die belemmerende kleed
dat daar nie onnodig bloed verspil nie

en deel U self die lootjies uit

[Bron: *Digby Vergenoeg*, 1971]

3.1 Herlees die titel.

In watter stemming plaas die titel die leser dadelik? (1)

3.2 Benoem die stylfiguur wat in versreël 8 voorkom EN verduidelik die funksie daarvan. (2)

3.3 Herlees strofe 3 en 9.

3.3.1 Duidelike progressie tussen die menslik en die Goddelike is sigbaar. Verduidelik hierdie stelling. (2)

3.3.2 Op watter wyse word die slotstrofe uitgehef? (1)

3.4 Watter woord in strofe 4 dui aan dat die verlede onherroeplik verby is? (1)

3.5 Herlees versreël 25.

Verduidelik hoe die verwysing na *hande* by die tema van die gedig aansluit deur na TWEE sake te verwys. (2)

3.6 Waarom is dit gepas dat die mense in Suid-Afrika met skape vergelyk word? (1)
[10]

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Suiwer wiskunde – N.P. van Wyk Louw

Die uurwerk kantel. En die ligbruin by
hang roerloos voor die blom wat nooit bevrug
word, nooit saad sal skiet, en nooit verby
hierdie verstarde uur sal groei. Die lug

het stil soos ys gaan staan, so wit en blou.
Die brander wat wou oorbuig, val, en skuim,
bly in sy ligte sirkels vasgehou
en moet sy see ‘n ewigheid versuim.

[Bron: *Nuwe verse*, 1954]

4.1 Herlees die titel van die gedig.

Hoe sluit die inhoud van die gedig by die titel aan? (1)

4.2. Herlees versreël 1.

Wat is die funksie van die kort openingsin? (2)

4.3 Herlees versreël 5.

4.3.1 Benoem die beeldspraak wat hier voorkom EN verduidelik wat daarmee bedoel word. (2)

4.3.2 Watter tegniek word aangewend om die tempo van hierdie versreël te vertraag? (1)

4.4 Herlees versreël 7 tot 8.

Watter soort halfrym word aangewend om die klank van die see te versterk. Watter TWEE woorde dui daarop dat die brander stol? (2)

4.5 Watter woord in strofe 2 staan in kontras met *nooit* in strofe 1? (1)

4.6 Wie, dink jy, is die aangesprokene in hierdie gedig? (1)

[10]

EN

ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Afrikaans – Theo de Jager

Al sou die jonges vol wellus en drif
tussen die flitse teen jou dans
en jy dronk van die dromme en draaie
en die polsslag van ‘n neonnag
oor ons skouers huis toe gesleep word,

al sou die oudstes wat lyfseer en moeg
wil afpak langs ‘n skemervuur
voel jy raak te swaar
om op die langpad na môre saam te dra,

en al word jy in die modeseisoen
van “gee-en-neem-ooreenkomste”
na die uitverkopingsrak toe afgemerk

sal jou spoor deur die woorde wat ons sê
soos ’n ploegvoor oor die Suidland lê.

[Bron: *Woordgilde,* 1998]

5.1 Hierdie gedig is ‘n Engelse sonnet.

Gee twee bewyse vir hierdie stelling deur na die uiterlike bou te verwys. (2)

5.2. Haal EEN woord uit reëls 1 tot 3 aan om te wys dat die “jonges” passievol oor Afrikaans is. (1)

5.3 Herlees versreël 5.

Wie is *ons* as jy die titel in gedagte hou? (1)

5.4 Wat impliseer die spreker in versreël 8 en 9 in verband met Afrikaans? (1)

5.5 Herlees versreël 10 tot 14.

5.5.1 Wanneer word ‘n taal na *die uitverkopingsrak toe afgemerk* (versreël 12) EN dink jy Afrikaans moet na die uitverkopingsrak afgemerk word? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (3)

5.5.2 Benoem die beeldspraak wat in reëls 13 en 14 voorkom EN verduidelik ook wat met dié beeld bedoel word. (2)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

ONDERWÊRELD – Fanie Viljoen

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

VRAAG 6: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

Dit is onvermydelik dat die milieu waarin 'n karakter hom/haar bevind 'n invloed gaan hê op sy/haar lewe.

Bewys hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde hoe Lawson Kollege en Greg se ouerhuis sy lewe beïnvloed het. **[25]**

VRAAG 7: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksel hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS A

"Daarso," sê Tom toe hy sy sleutel uit die deur haal. "Ek wil nie hoor dat julle ouens drooggemaak het hier binne nie. Kom sê my as julle klaar is dat ek kan sluit." Hy verdwyn weer in die gang af, terug na sy woonstel.

"Maklik, was dit nie?" sê Eckardt toe ons alleen in die bib staan.

"Ja, maar wat de hel maak ons hier?"

"Niks, want dis nie waar ons wil wees nie." Ek frons. Eckardt loer by die deur uit om seker te maak Tom is weg. "Kom!" Ons trek die biblioteekdeur agter ons toe en stap 'n ent verder af met die gang. Versigtig. Weer die eggo van voetstappe op die koue vloer.

"Hier," sê Eckardt toe. Ons staan voor 'n toe deur. Daar is 'n handvatsel, maar geen slot nie. Teen die muur, langs die deur, is 'n klein keypad.

"Die netwerkkamer," sê Eckardt sag.

Opgewondenheid ril deur my lyf. Wil hy hê ons moet dáár inkom?

"Gereed?" vra Eckardt.

Ek haal diep asem. Hierdie plek is way off limits. Is dit dan nie waar die skool se servers en goed in is nie? Dis in elk geval gesluit. "Jy het die kode nodig om in te gaan," sê ek vir Eckardt.

Eckardt trek net sy mond skeef, smalend. "No problem," sê hy. Hy lig sy hand, wysvinger uitgestrek. En toe sleutel hy die kode in. Die hash key druk hy laaste. Die deur klik oop.

My ken klap amper teen die vloer. "Maar hoe het jy dit geweet?"

"Shoulder surfing," sê Eckardt. "Ek het gekyk toe daardie computer techie laas hier was. Nog 'n manier om passwords te kry. Jy moet net leer om behoorlik te kyk. Dit help as die ou bietjie stadig tik…"

Versigtig volg ek Eckardt die netwerkkamer binne.

7.1 Voordat die twee seuns die koshuis verlaat, waarsku Eckardt vir Greg teen die gebruik van dwelms as ’n mens rekenaars wil kraak. Watter rede gee hy vir sy waarskuwing? (1)

7.2 Herlees reëls 1 tot 3.

7.2.1 Watter rol speel Tom om Greg in die onderwêreld in te lei? (1)

7.2.2 Op watter TWEE maniere help Tom om Greg te mislei? (2)

7.3 Wat het die seuns in die skool se netwerkkamer gaan doen? (1)

7.4 Herlees reël 13.

Watter verband is daar tussen Greg se gevoel van opgewondenheid en dié van sy oorlede broer, John? (1)

7.5 Waarom het Greg aanvanklik ‘n toegeneentheid teenoor Eckardt as nuweling by Lawson Kollege ervaar EN noem TWEE redes waarom hulle vriendskap van die begin af ’n katastrofiese (rampspoedige) vriendskap is. (3)

7.6 Eckardt se optrede in TEKS A vorm deel van sy sosiale plan wat Eckardt in hierdie roman met Greg speel.

Motiveer met TWEE redes hoekom Eckardt hierdie sosiale plan wil uitvoer EN sê wat die uiteinde van hierdie sosiale plan is. Waarom is Greg se pa se woorde oor die gebrek aan ruggraat wat Greg openbaar, dus ongeregverdig? (4)

EN

TEKS B

Nou is die gemoedelikheid waarmee hy my met die hacking gehelp het weg. En in die plek daarvan is daar ‘n selfversekerde hardegat arrogansie.

Ís dit hy?

"Vandag, Greg, gaan jy jou laaste hacking-les by my kry. Sorry om te sê, maar hierdie een is ball breaker." Hy glimlag weer skeef, maar die glimlag val gou weg en sy gesig word hard. Dis nie die ou wat ek as my vriend leer ken het nie. "Jy het toe die keylogger op jou laptop gekry, nie waar nie? Of moet ek sê iemand ánders het dit gekry? Jy het nie 'n clue gehad dat dit op was nie. Jy het nie gedink dat hackers ook gehack kan word nie, nè!"

"Wat bedoel jy?"

"Was dit nie in een van my lessies nie?" Eckardt trek sy mond sarkasties. "O, dis reg ja. Ek het daardie een ge-skip. Hoekom dink jy het ek dit nie vir jou vertel nie, Greg? Take a wild guess!"

"Ek ... ek weet nie ..."

Eckardt skud sy kop. "Jy is toe nie so bright soos wat jy gedink het nie, nè? Greg, my ou pel, ek het jou nie daarvan vertel nie want ek wou nie hê jy moes dit weet nie. Maklik soos dit." Hy bly 'n oomblik stil. Gee die woorde kans om in te sink. "En ek wou nie hê jy moes die keylogger kry nie, omdat ék hom op jou laptop gesit het."

"Wat? Eckardt? Maar hoekom?" 20
"Hoekom sit 'n mens 'n keylogger op 'n computer? Ek wou sien wat jy doen, natuurlik. Ek moes tog weet hoeveel inligting jy in die hande kon kry. Wanneer jy genoeg uitgevind het oor die Butcher en sy trawante."

7.7 Na ’n aanvanklike kopstampery in die begin van die roman het Greg en Eckardt vriende geword. In TEKS B is daar egter onmiddellik sprake van vreemdelingskap. Noem VIER dinge wat vir Greg vreemd is aan Eckardt tydens hierdie ontmoeting. (4)

7.8 Herlees reël 11 tot 13.

Noem TWEE redes waarom Eckardt juis vir Greg kies vir hacking-lesse. Wat was die belangrikste les wat Eckardt vir Greg oor *social engineering* geleer het? (3)

7.9 Wie is die Butcher in hierdie roman? Waarom wil Eckardt die Butcher ontmasker? (2)

7.10 Gee TWEE redes waarom Greg wel as 'n black hat beskou kan word? (2)

7.11 Hoe verskil die stemming in TEKS A van die stemming in TEKS B? (1)
[25]

MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – Pieter Pieterse

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG

Dit is onvermydelik dat die milieu waarin 'n karakter hom/haar bevind 'n invloed gaan hê op sy/haar lewe.

Bewys hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde hoe Sable Ranch en Manaka Baas se lewe beïnvloed het. **[25]**

VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS C

Volgens die bronne is die Zambezi, stroomop van die Ngonyewaterval af, duisend kilometer ver bevaarbaar, selfs tot tussen die berge waar dit in Zaïre ontspring.

Laatmiddag kry Baas die bougainvilleabos waarvan Mark gepraat het, veertig kilometer van Sioma af teen die hang van die ysterkliprant. Dis 'n dik stomp. Daar is geen teken van lewe in die uitgedroogde takke nie. Langs die verwronge stam hang 'n stuk sinkplaat met die woorde *Manaka Evangelical Mission* netjies daarop geverf.

Hy vleg tussen groot rotsblokke in die ongebruikte paadjie teen die bult af, rivier se kant toe. Op 'n gelykte, net onderkant die eerste skuinste, staan enkele witgekalkte steengeboutjies tussen yl kanniedoodbome, 'n knoppiesdoring en 'n sukkelende jong worsboompie. Die harde rantjiesveld is besaai met ronde ysterklippe. Party van die geboue se dakbalke het geknak en die sinkplate het meegegee. Net een van die deure lyk nog bruikbaar. Die vensterrame staan sonder ruite.

Op die volgende plato verander die plantegroei dramaties. Tropiese rankplante slaan in die diep sandgrond hulle arms om jakkalsbessiebome, kierieklapper, waterhoutbessie, geelmelkhout, knoppiesdoring en 'n groot wildevy.

Op die rand van die gelykte, net duskant die laaste skuinste na die water toe, groei die grootste worsboom wat Baas ooit gesien het. Onder die boom staan vier rye verrotte houtbankies op ingeplante paalstellasies.

'n Swartriethaan skarrel vir skuiling tussen die riete deur. In die beskutting van die worsboom slaan Baas die Land Rover se agterklap oop. 'n Swerm kleurvolle papegaaiduiwe skrik uit die wildevyboom weg. Die twee honde spring af en hardloop met kromgetrekte rûe heen en weer tussen die plantegroei deur.

9.1 Herlees reël 4.

9.1.1 Wie is Mark na wie daar verwys word? Gee bewyse uit die verhaal dat hierdie man 'n belangrike rol in Baas se lewe speel. (3)

9.1.2 Waarna verwys die bougainvillea-motief? Beskryf die progressie wat deur die loop van die roman in hierdie motief/beeld opgemerk word. (2)

9.2 Herlees reël 7.

Die kursiefgedrukte woorde lei die belangrike godsdiens-tema in die verhaal in.

Gee 'n rede waarom hierdie tema aanvanklik vir Baas problematies is. Gee ook TWEE bewyse dat sy koms na Manaka bydra tot konflik oor hierdie tema EN sê hoe hierdie konflik uiteindelik opgelos word. (4)

9.3 Is dit geregverdig om te sê dat Baas as die buitestander in hierdie verhaal bestempel kan word? Motiveer jou antwoord deur DRIE redes te gee. (3)

9.4 Herlees reël 24 en 25.

Een van die honde is Brindle. Watter belangrike rol vervul Brindle in Baas se lewe? (1)

EN

TEKS D

"As jy wil Bybel lees, dis reg met my, Baas," sê Whitey. "Vat jou tyd. Ek gesels solank met Gracie. Het jy geweet my oumagrootjie was 'n suster van Grace se oupagrootjie?"
"Grace het my gesê jy is familie van die Mulambwa-geslagte."
"As ek 'n dop of twee inhet, moet ek nie aan Grace dink nie. Dit gee my die blues. Dit was my job om vir haar te gaan sê haar ma en pa is dood, weet jy."
Grace sit haar hand oor sy mond. "Die kos is amper gaar," sê sy sag.
Baas se oë is op Grace. "Jy het nie die nag by Ngweze vir my gesê of die mense wat jou pa en ma doodgemaak het ooit gevang is nie."
"Die troepe wat die landmyn gestel het, is deur die Zambiese soldate agtervolg, maar hulle het oor die Namibiese grens gevlug. Hulle is nie gekry nie."
"Was dit Namibiese troepe?" vra Baas.
"Nee, Suid-Afrikaners. Ek ... ek sal gaan kyk of die kos al reg is."
Dis lank stil in die slaaprondawel.
Baas maak die Bybel oop. " 'To our eldest son Dennis'," lees Baas vir Whitey wat op die binneblad staan. " 'On his 30th birthday. May our Father in heaven be with you on your journey and forever. From your father and mother Dennis and Jennifer Chipman. 29th October 1870'. "
Whitey sak op die bed neer. Hy vat die Bybel stadig uit Baas se hande en staar na die inskrywing. Dan kyk hy op na die portret teen die muur en kom op sy voete.
"En hy was nie tien of twintig jaar hier in Barotseland nie, Baas Dennis Chipman," sê Baas. "Dit was nege en twintig jaar. Jy is reg. Dit was 'n tough Old Canadian daardie."

9.5 Herlees reël 7.

Waarom verskil Grace se optrede teenoor Whitey van haar optrede teenoor Baas? (2)

9.6 Herlees reël 8 en 9.

9.6.1 Om watter rede het Baas nie in Ngweze vir Grace oor haar ouers se dood uitgevra nie? (1)

9.6.2 Gee TWEE redes waarom hy haar wél later in die roman oor haar ouers se dood uitvra. (2)

9.7 In watter opsig beïnvloed Grace se antwoord in reël 13 Baas se verhouding met die plaaslike inwoners? Waarom is dit belangrik in die konteks van Baas se verblyf op Manaka? (2)

9.8 In reël 13 dui die ellips aan dat Grace sonder woorde is. Motiveer haar reaksie. (1)

9.9 Herlees reël 14.

Wat suggereer die stilte in die slaaprondawel? (1)

9.10 Wat impliseer Baas met sy woorde in reëls 15 tot 18? Waarom is Whitey se optrede in reëls 19 tot 21 geloofwaardig? (2)

9.11 Herlees die onderstreepte woorde TEKS C en die onderstreepte woorde in TEKS D.

Hoe verskil Baas se omstandighede as jy hierdie twee teksgedeeltes met mekaar vergelyk. (1)
[25]

VATMAAR – AHM Scholtz

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG

Dit is onvermydelik dat die milieu waarin ‘n karakter hom/haar bevind ‘n invloed gaan hê op sy/haar lewe.

Bewys hierdie stelling in ’n opstel van 400 tot 450 woorde hoe Du Toitspan en Vatmaar tant Wonnie se lewe beïnvloed het. **[25]**

VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS E

Elkeen van ons het 'n vuilgoedgat op 'n hoek van sy erf gehad en alle rommel is daarin gegooi, met die as van die dag se vuur bo-op.

Daar was toe nog nie 'n kerk of poeliesstasie om vrees in onse gemoedere te blaas nie. Geen sokkerspan en danssaal om onse aandag af te trek nie. Geen dokter en prokureur om op staat te maak nie. Daar was net veldpaaie, met gate wat vanself toegaan as dit reën. En oral was daar kortpaaitjies.

Vatmaar was arm, en tog het ons nie armoede geken nie. Ek kan nie onthou dat ek ooit 'n swanger ongetroude meisie gesien het nie. Daar was meer kinders as grootmense. Oupas het altyd gesê: Ek kan nog altyd daai klein werkie doen.

Sterfgevalle was ver uitmekaar maar elke nou en dan is daar 'n baba gebore. Niemand is dood aan kanker nie want dit was 'n rykmansiekte, maar teen witseerkeel het kinders nooit 'n kans gehad nie. En daar was twee soorte tering: die vette en die mare.

Onse kinders het oorgenoeg gebaklei, maar as onse ouers stry gekry het, het hulle vir mekaar gesê: Pas op, die bure hoor jou.

Vatmaar se kinders het nooit van die Agtste Gebod geweet nie, die een van Jy mag nie steel nie. Ons kon dit nooit weerstaan om 'n draai met anderman se bicycle te ry nie. En ons het dit geniet om rond te draf met 'n ou bicycle-wiel sonder speke of tjoep met 'n stokkie in die groef.

Vir tandpyn was ons die bangste, want die slagoffers moes Du Toitspan toe loop met 'n lap oor sy mond om die wind uit te hou.

11.1 Na watter nedersetting word in TEKS E verwys? (1)

11.2 Dink jy dis oortuigend dat die verteller in TEKS E een van die plaaslike inwoners is? Motiveer jou antwoord. (1)

11.3 Behalwe die vuilgoedgat, is daar ook hoekbakens vir elke erf wat eienaarskap aandui. Noem TWEE maniere hoe die eienaarskap van 'n erf gevier word. (2)

11.4 Herlees reël 3.

11.4.1 Gee EEN rede hoekom die ''poeliesstasie'' 'n negatiewe invloed op Tant Wonnie het. Watter positiewe gevolg het die regsproses tog later vir Tant Wonnie? (2)

11.4.2 Kaatjie is in ’n “poeliesstasie” dood. Is dié oorsaak van Kaaitjie se dood geloofwaardig? Motiveer jou antwoord deur na die roman te verwys. Hoe reageer Kenneth op haar dood? Hoe skakel die Vatmaar-gemeenskap se optrede met die tema van onbaatsugtige liefde? (3)

11.5 Herlees reël 4.

11.5.1 Watter tipe konflik veroorsaak die dansery by die stokvel by oom Chai? (1)

11.5.2 Wat is die oorsaak van dié konflik EN hoe word dié konflik opgelos? (2)

11.6 In TEKS E noem die verteller dat die inwoners nie armoede ken nie. Bewys met TWEE redes uit die roman dat Tant Wonnie wél armoede ken. (2)

EN

TEKS F

Dit het seker ’n week so aangegaan. Toe die sambokmerke hulle blou kleur begin verloor, het sy my weer my rok gegee om aan te trek. Die voorkant was nou vasgelap en dit was gewas en gestryk.

Jy weet, Tant Wonnie, hierdie ou swartvrou het dit alles vir my gedoen sonder om ooit te vra wat gebeur het of wat my naam is. Al wat sy gesê het, was: As jy wil weggaan, moet jy my dit net vooraf sê. Ek het my kop geskud en gehuil. Sy het die deur toegemaak en buite op haar bankie gaan sit. Ek kon dit nie langer verduur nie en ek het die kombers om my gedraai en langs haar gaan sit, met my hand op haar knie. Dit was al laatoggend en na ’n rukkie het ek haar vertel wat gebeur het en dat my naam Mariam is en my mense Slamse.

’n Goeie man kruip nie agter sy godsdiens weg nie, het sy gesê. Ons Tswanas was nooit sonder ’n God nie. Dit was die witman wat gesê het ons is heidene.

Toe sê ek vir haar: Ma, ek wil bly.

Dan sal ek jou as my kind vat, Mary, het sy gesê.

Dit is hoe ek Mary geword het.

Dankie, Ma, het ek gesê en haar hand gesoen.

Toe my baba ’n paar dae oud was, het Ma Khumalo sy kennetjie gekielie en gesê: Lucas.

11.7 Reël 4–5 sluit aan by die tema van liefde oor die kleurgrens heen. Hoe word hierdie tema deur Mary en Ma Khumalo onderskeidelik belig? (2)

11.8 In watter oorlog het Ma Khumalo haar hele familie verloor? Op watter wyse is Norman deur dieselfde oorlog geraak? Hoekom is Norman se latere deelname aan die Eerste Wêreldoorlog ironies? (3)

11.9 Herlees reël 7 tot 9.

Wat is die simboliek van die gee van die komberse en die verandering van hul name? (2)

11.10 Is dit geregverdig om te sê dat Vatmaar ’n verhaal is van ’n tyd wat nie meer bestaan nie? Motiveer jou antwoord. (1)

11.11 Watter betekenis van die titel, Vatmaar, is van toepassing op die gebeure in TEKS E en TEKS F? Wat is die algemene gesindheid van die gemeenskap van Vatmaar EN hoe verteenwoordig Ma Khumalo dit met haar optrede teenoor die twee jongmense? (3)

[25]

DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE – Eleanor Baker

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

VRAAG 12: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Dit is onvermydelik dat die milieu waarin 'n karakter hom/haar bevind 'n invloed gaan hê op sy/haar lewe.

Bewys hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde hoe Suid-Afrika, Frankryk en Amerika Ilse se lewe beïnvloed het. **[25]**

VRAAG 13: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS G

"Waar's jou boyfriend?"
"Jy weet ek het nie een nie."
Sy het haar oë opgeslaan dat ek net twee wit sirkels in haar bruin gesig kon sien. "Keer my as ek dit verkeerd het," het sy teatraal aangekondig. "Jy gaat alleen na die paartie?"
"Ja."
"Wat het van die Riekie-man geword?"
Ek het my tjalie om my skouers geknoop. (Ek was daarin toegedraai toe ek gedoop is en was verknog aan die ding.) "Herder, Johanna, ek het hom twee jaar laas gesien."
"Dan's dit hoog tyd jy kry 'n ander een."
Profetiese woorde.
Toe ek ná die partytjie deur die donker, besadigde strate huis toe ry, het ek my verwonder dat ek my maagdelikheid so vinnig, so maklik en so ondeurdag aan Peter afgegee het. En dit bloot omdat sy fisionomie en naam my aan iemand anders herinner het.
Ek het byna die posbus op die hoek naby ons huis omgery, so ingedagte was ek.
My pa het my leer bestuur. Oorspronklik. Sy bevele het bestaan uit kortaf: "Nee, só," of nog korter: "Oppas!" Ná ek die motor in trurat gesit het sonder om eers die koppelaar te trap, het hy 'n bestuurskool gebel en vir my 'n afspraak gemaak.
Ek moes my instrukteur in die middestad ontmoet en toe ek by hom kom, het hy reeds gaperig in die motor gesit en wag.
"Kan jy bestuur?" het hy my gevra ná ons gegroet het.
"Nee."
"Klim in," het hy beduie.

13.1 Hoe het Kara reageer op Elsa se swangerskap? (1)

13.2 Wat is die verwantskap tussen Iris en Elsa? Watter invloed het Elsa op Iris se lewe? (2)

13.3 Wat was Riekie se rol in die intrige EN hoekom was hy nie meer haar "boyfriend" nie? (2)

13.4 Herlees reël 12.

Waarna verwys dié woorde? Dink jy dié insident het uiteindelik tot Iris se blomtyd gelei? Motiveer jou antwoord met TWEE redes uit die roman. (3)

13.5 Die aand wat Iris en Peter ontmoet het, beïndruk hy Iris met sy kennis van die betekenis van haar naam.

Noem die betekenis van haar naam wat Iris verbaas het. Motiveer met TWEE redes waarom hierdie betekenis van haar naam nie vir Iris op haarself van toepassing is nie. (3)

13.6 Herlees reëls 13 tot 16.

Benoem die konflik wat Iris ervaar EN verwoord die aard van die konflik. (2)

13.7 Het Ilse se houding oor kinders hê later in die roman verander toe haar verhouding met Peter ernstig raak? Motiveer jou antwoord. (1)

EN

TEKS H

Ek het in die dof verligte kamer rondgekyk en die Engel op een van die leë beddens sien lê, blykbaar ook moeg ná die lang dag en die vorige nag.
"Ek weet nie waarvan jy moeg is nie," het ek gesê. "As beskermengel het jy gefaal."
"Sy't nie regtig gif gedrink nie," het hy gesê.
"Dank jou die duiwel," het ek bitsig geantwoord.
Hy het sy vlerk gepynig oor sy gesig gevou. "Asseblief."
"Jammer." Ek was 'n rukkie stil, maar het tog gevoel dat hy aangespreek moes word. "As jy my dan nie fisiek kan beskerm nie, behoort jy in 'n raadgewende hoedanigheid op te tree."
"Soos?" het hy gevra en sy vlerk weer laat sak.
"Ek is 'n jong vrou in 'n wêreld vol konflikte en ek voel jy behoort dit vir my op te klaar. Jy moet my vrae kan beantwoord."
"Watse vrae?"
"Wat moet ek byvoorbeeld doen omtrent Peter en Frederik?"
"Wat wil jy met hulle doen?"
"Ek weet nie."
"Jy's nie lief vir Frederik nie."
Ek het gesug. "Ek weet. Dis oor Peter wat ek wonder. Ken ek hom goed genoeg om tot 'n besluit te kom?"
"Het hy jou gevra?" het hy my vraag slim teruggekaats.
"Soort van. As ek nou 'n karakter in een van my stories was, het ek iets dramaties gedoen soos sy kind verwag. Dit sou alles tot 'n punt dryf."

13.8 In TEKS H bevind Ilse haarself in die hospitaal.

Hoekom bevind Iris haar in hierdie ruimte? (1)

13.9 Dink jy die Engel dra tot karakterontwikkeling by Iris by? Gee VIER redes vir jou antwoord. (4)

13.10 Herlees die onderstreepte sin in reëls 3 en 4.

Na watter TWEE insidente verwys Iris? Verdien die Engel, na jou mening, hierdie woorde? Motiveer jou antwoord. (3)

13.11 Herlees reël 13.

Waar het Iris besef dat sy haar eie vrae moet beantwoord? (1)

13.12 Herlees reël 13 tot 15 van TEKS G asook reël 12 en 13 van TEKS H.

13.12.1 Hoe het Peter se siening oor Iris se naam verander vanaf hulle ontmoeting tot waar hulle ‘n ernstige verhouding het? (1)

13.12.2 Watter implikasie hou die romantitel vir Iris se naam in? (1)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

KRISMIS VAN MAP JACOBS – Adam Small

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

"Omlat hy ge-tattoo is oor sy hele lyf. *(Hy wys.)*" That beautiful body, hoekô moet hy dit nou so gaan opmess! Allerhande merke, like, to identify himself!

Skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde waarin jy aantoon hoe Map/Johnnie se tatoeëermerke én sy tronkstraf sy identiteit verander het. **[25]**

VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksel hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS I

TOMMY:	Ek sê vir julle Map is ’n ge-change-de man!	
CYRIL:	Fok-off jy oek! Het jy nou skielik nerves oor Map? Ek hoor hy’s gou bytekant, nog net ’n paar dae ...	
RICHIE:	Die storie lê hier rond ...	
TOMMY:	So wat daarvan?	5
CYRIL:	Ja, so what!? *(Hy lag.)* ... Wanner?	
TOMMY:	Die sewende ...	
CYRIL:	Aha! *Hulle speel.*	
RICHIE:	*(aan Tommy)*: Wat sê Antie Grootmeisie, ek mien, jy’s mos in daar by hulle ... *Hulle speel. Tommy is besig met sy ware.*	10
CYRIL:	Silence is golden, hê?	
TOMMY:	Jy wiet mos sy kannie praat nie.	
RICHIE:	Okay, moenie so touchy wies nie! *Hulle speel. Dan verskyn Cavernelis met sy fiets, weer op pad huis toe ná een van sy uittogte met die soft goods. Hy huiwer wanneer hy verby kom.*	15
CYRIL:	Hie’ kom die ou vrek. *(Stilte.)* Weer overtime, ja! Skaars by die hys van sy job af, dan’s hy al weer weg op sy bike, met die soft goods, tot Sondae oek ... Géld! Hoogdrawende ou stront!	20
TOMMY:	Laat staan die man, dis nie ons biesagheit nie! *Cavernelis wil net van sy fiets af, dan praat Cyril.*	
CYRIL:	*(skoorsoekerig)*: Is mister Cavernelis darem t’rug? Weer by die hys?	25
CAVERNELIS:	Ja. (*Half van die fiets af.)*	

CYRIL:	Hoe's die biesagheit, mister Cavernelis? Okay?	
CAVERNELIS:	Ja. Maar gee tog pad, asseblief ...	
CYRIL:	Ek sien mister Cavernelis, en Blanchie oek, en missies Cavernelis, julle ammal slyt julle deur so elke keer agter julle toe, soes julle kom en gaan. Trust julle dan nie die mense hier van onse area nie?	30

15.1 Herlees reël 1.

Gee TWEE bewyse uit die drama dat Tommy se woorde oor Map se verandering die waarheid is. (2)

15.2 Herlees reël 3.

Cyril sê dat hy hoor Map is gou "bytekant". Na watter ruimte sou "binnekant" dan verwys? Watter tema van die drama kan ons uit hierdie ruimte aflei? (2)

15.3 Herlees reël 9.

15.3.1 Wat *speel die karakters*? Verduidelik wat die speletjie is EN waarvan raak dit simbolies in hierdie drama? Gee ook 'n rede waarom hierdie woord karakteropenbarend kan wees van die twee leeglêers as jy die woord in konteks van bemoei gebruik. (4)

15.3.2 Hoe word Cyril en Richie gestereotipeer in die konteks van die drama? Noem ook die sosio-ekonomiese probleem wat daartoe bydra dat Cyril en Richie heeldag speel. (2)

15.4 Herlees reël 19.

Hoe karakteriseer Cyril Cavernelis deur hom 'n "vrek" te noem? (1)

15.5 Herlees reël 25.

Wat is die werklike rede waarom Cyril skoorsoekerig is as hy met Cavernelis praat? (1)

15.6 Oor watter kennis met betrekking tot Map beskik Cyril op hierdie stadium van die drama wat Cavernelis nie het nie? Noem TWEE redes waarom dié kennis waaroor Cyril beskik tot vrees by Cavernelis kan lei? (3)

EN

TEKS J

LA GUMA:	'n Bietjie skipping het nog nooit ge-niemand … seergemaak nie, mister Cavernelis. 'n Bietjie skipping, and a shower afterwards! That makes you feel real sharp ... an' fresh! *(Hy haal heerlik diep asem.)*	
CAVERNELIS	*(meen om só uit die ding uit te kom):* So you've got a shower at home, mister La Guma. Ons gaan nog ene vir ons ook laat insit. Maar die ekstra loodwerk is so duur. En ons woon nie in 'n koophuis nie, maar in 'n huurhuis, en die munisipaliteit laat jou nie sommer toe om enigiets in die huis te doen nie, jy moet eers hulle verlof kry, vir ekstra werk, of enigiets.	5 10
LA GUMA:	You don't tell me, mister Cavernelis! ... en dan's al die bloody forms nog in duplicate oek! Of even triplicate ... Die bureaucratic swine! *Cavernelis is ook nie dom wat die politiek betref nie.* <u>En hy slaag op dié manier om La Guma van die touspringery te laat vergeet!</u>	15
CAVERNELIS:	Yes, it's terrible, mister La Guma!	
LA GUMA:	Terrible! You're right! 'Is bloody terrible! *(Beklemtoon "bloody")* Die vylgoed, kyk wat maak hulle moet mý, kyk wat maak hulle moet jóú, moet al onse families ... (*Beduie met sy arms uitgestrek na die woonstelle.)* You call this living? Kyk die huise wat hulle vir ons gebou het! Yt Claremont en yt Woodstock yt ge-bulldoze ... tóé, Coloureds, ýt, ýt – gaan bly dáárso, daarso annerkant. Over there! Never mind the match-box houses, die sement-strippies wat pass vir strate, never mind die busfares ennie trainfares wat julle moet betaal om te travel werk toe.	20 25

15.7 In die hele teks word Kaaps en Engels deur die karakters gebruik.

Is dit geslaagd? Motiveer jou antwoord binne die konteks van die milieu waarteen die drama afspeel. (1)

15.8 Herlees reël 7.

Gee die karaktereienskap van Cavernelis wat hier na vore kom. Hoe het dié karaktereienskap by Cavernelis se strewe aangesluit? Wat was die ironiese uiteinde van Cavernelis se strewe? (3)

15.9 Herlees reël 19.

Hoe pas La Guma se woorde by die sosiopolitieke inslag van die drama aan? Is La Guma se houding geregverdig? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

15.10 Watter simboliek kan aan die "bulldozers" wat "ge-bulldoze" het in reël 24 gekoppel word? Waarom pas die gedagte van 'n huurhuis by dié woorde? (2)

15.11 Herlees Cavernelis se woorde in reël 29 van TEKS I en die onderstreepte woorde in reëls 15 tot 17 in TEKS J.

Wat kan jy uit beide hierdie gedeeltes aflei omtrent Cavernelis se houding teenoor die ander mense in die township? Hoekom het hy hierdie houding? (2)

[25]

MIS – Reza de Wet

Beantwoord ÓF VRAAG 16 (opstelvraag) ÓF VRAAG 17 (kontekstuele vraag).

VRAAG 16: *MIS* – OPSTELVRAAG

"Waar is u nou, Juffrou?*(besig om te loer. Opgewonde)* Hier, by die venster. Ek kyk na die groot tent en al die liggies! "

Skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde waarin jy aantoon hoe vensters én die sirkus, Meisie se vryheid beïnvloed. **[25]**

VRAAG 17: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAE

Lees die uittreksel hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS K

	MIEM en GERTIE kom binne. Hulle is druk in gesprek. MEISIE kyk af en werk verder aan die sak.	
GERTIE:	Ja. Net bolangs rondgekrap	
MIEM:	*(opgewonde)* Ek het mos verniet gesê grawe oop, delf om. Ek is seker u stem saam, Konstabel. Maar hulle wou nie hoor nie.	5
GERTIE:	Nee, hulle wou nie.	
	Geluide van sagte huilwind.	
MIEM:	En nou is die spoor al koud. Hulle het nooit ordentlike gesoek nie. Konstabel, ons praat oor die verdwynings. Oor die ondersoek na die verdwynings. Nou ja. *(Sug)* Wat kan ’n mens verwag? *(Gaan sit by die tafel, glimlag)* Dit lyk darem of julle mekaar se geselskap geniet het, of hoe?	10
MEISIE:	*(bang)* Wat was dit?	
MIEM:	Toe maar, dis net die wind, my kind. En die takke op die dak.	
	Kort stilte.	15
GERTIE:	En ek voel ’n trek. Miskien is iets iewers oop.	
MIEM:	Moet jou nie bekommer nie. Als is toe. Die wind waai deur die krake. *(Kort stilte. Skielik heftig aan die KONSTABEL)* En putte, het ek gesê! Kyk in putte. *(Sug)* Maar niemand wou luister nie. Nou wat kan ’n mens meer doen?	20
GERTIE:	Ja. Jou hande is afgekap.	
MIEM:	En dan was daar tant Salie se droom. Baie oud. Al pêrels op die oë. Maar daar is nie ‘n droogte, sterfte of ’n vloed wat sy nie voorspel nie.	
GERTIE:	Dit is so, Konstabel. Wat sy sien, kom altyd waar.	25
MIEM:	En toe het sy gedroom. Van ‘n meisie. Onder die water. Of dit Rienie was of Hannah se Sannie, dié kon sy nie sê nie.Maar niemand wil luister nie. *(Fluisterstem aan die KONSTABEL)* Glo my, Konstabel. Ek het my suspisies.	
KONSTABEL:	Werklik, Mevrou?	30
MIEM:	Behalwe nou die aaklige sirkusmense is daar ook dinge wat op die dorp aangaan ... nee, maar wag. Ek praat te veel.	
	Die wind vervaag en verdwyn.	

17.1 Herlees reëls 1 tot 5.

17.1.1 Die verwysing na die sak is opvallend. Hoe beïnvloed hierdie "sak" Meisie se bestaan EN wat is die rede dat Meisie aan die sak werk? (2)

17.1.2 Om watter rede het Miem vir Meisie alleen by Konstabel gelaat, terwyl sy en Gertie elders in die huis was? (2)

17.2 Watter stemming word deur die neweteks in reël 7 geskep? (1)

17.3 Waarom is Meisie se handeling in reël 13 ironies? (1)

17.4 Daar is 'n ooreenkoms tussen die bespiegeling oor Sannie se verdwyning en Meisie se omstandighede.

Wat is die ooreenkoms? Dink jy dat dié ooreenkoms tot Meisie se verdwyning gelei het? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. Noem ook watter tema van die drama hierby aansluit. (4)

17.5 Konstabel slaag daarin om die vroue te manipuleer.

Op watter manier manipuleer Konstabel die vroue? Gee TWEE redes hoekom hierdie manipulasie binne konteks van die drama onaanvaarbaar is. (3)

17.6 Noem TWEE redes waarom Gertie by Miem en Meisie aan huis is. (2)

EN

TEKS L

	Soos voorheen staan hy met sy rug na die gehoor en leun teen die kosyn. MEISIE verskyn in die gangdeur. Sy is kaalvoet en dra haar wit aannemingsrok. MEISIE kyk nie na die KONSTABEL nie.	
MEISIE:	*(koponderstebo en skaam)* Ek het gehoor hulle gaan slaap. Toe kom ek maar. Jy het gesê my aannemingsrok. *Die KONSTABEL draai om en kyk na haar*.	5
MEISIE:	Maar dis al 'n bietjie klein. *(Kyk op, skrik)* <u>Maar waar is die konstabel dan</u>?	
KONSTABEL:	Dit is ek. Ken jy my nie?	10
MEISIE:	Maar jy lyk so ... anders.	
KONSTABEL:	Dié tyd van die nag lyk ek altyd so.	
MEISIE:	<u>Altyd</u>?	
KONSTABEL:	Ja. *(Glimlag)* Altyd. *(Haal sy bril stadig af en kyk na haar)*	
MEISIE:	En jy kan sien!	15
KONSTABEL:	Dit is omdat dit so laat is. As dit baie laat word, kan ek altyd sien.	

MEISIE:	Regtig?	
KONSTABEL:		
MEISIE:	Ja. En ek is bly ek kan sien, want nou kan ek vir jou sien. En	
[KONSTABEL:	jy is baie mooi.	20
MEISIE:	*(verwonderd)* Is ek?	
KONSTABEL:	Jy is.	
	(verleë) Jy het mos gesê sonder skoene.	
	Ja. (Trek die gordyne opsy) Dis net reg so. (Maak die venster oop)	25
	Sirkusmusiek word gehoor.	

17.7 Herlees reëls 1 tot 3.

Waarom is dit belangrik dat Meisie se aannemingsrok genoem word? (1)

17.8 Herlees die onderstreepte vrae in reël 8 en 9, reël 13, reël 18 én reël 21.

Is Meisie se vraag in reël 8 en 9 gepas? Motiveer jou antwoord. Ten spyte van al haar ander vrae glo Meisie alles wat die konstabel vir haar sê. Gee TWEE redes vir Meisie se naïewe goedgelowigheid. (3)

17.9 Hoe kontrasteer Konstabel se optrede in TEKS L met die verwagting wat die vroue oor sy koms in TEKS K gehad het. (1)

17.10 Watter simboliek lees jy in die konstabel se handelinge in reël 24 en 25? (1)

17.11 In hierdie drama verteenwoordig die hoofkarakter alle identiteitlose mense. Stem jy saam met hierdie stelling? (1)

17.12 Herlees reël 26.

Hoe kontrasteer Meisie se milieu met dié van die sirkus? Gee TWEE redes waarom die milieu uiterlike konflik by Meisie veroorsaak. (3)

[25]

TOTAAL AFDELING C: 25

GROOTTOTAAL: 80

Kopiereg voorbehou